



# ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

## SAG 9:9 "KYK, JOU KONING KOM NA JOU . . . 'N OORWINNAAR IS HY . . ."

SO BELY DIE VCHO SY:

**DOEL:**

Die bevordering van

- ✂ Christelike opvoeding
- ✂ Christelike Onderwys en
- ✂ Christelike Wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk” (2 Tim 3:16 en 17).

**GRONDSLAG**

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis”. . . (Spreekte 1:7).

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het” (Matteus 28:18-20).

**MISSIE**

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

**SKRIFLIG**

- Ds P Veen  
Sag. 9:9

In sy toespraak het Sagaria die volk voortdurend die aandag gevestig op die Messias en Sy ryk. Die heerlikheid van Israel se Koning sal openbaar word aan al die volkere, het hy verkondig. Van heinde en verre, van alle kante af, sal mense toestroom na die heilige stad waar Hy woon. Die profeet druk dit ongewoon uit in die woorde van hoofstuk 8:23 “In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van ’n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is.” Die heerskappy van Israel se Koning omvat al die volkere. Vir die eens verdrukke volk wat deur dese en gene getreiter is, sal die aanbreek van die Vrederyk groot vreugde meebring, soos ons tekswoord dit baie duidelik stel (hoofstuk 9:9).

Dwarsdeur al die profetiese geskrifte in die Bybel word die koms van God se Vrederyk verbind aan die Koning wat deur God gestuur word. Die Vrederyk kom nooit en nêrens deur langsame seflverbetering of eie groeimethodes nie! Nog minder is dit die vrug van evolusie. Nee, Israel se Koning word direk deur God gegee! Vrederyk en Vrededevors is onlosmaaklik aan mekaar verbind.

Die aangrypende in die hele geskiedenis van daardie tyd, is dat Israel wel die Vrede van die Vrederyk wou hê – of liever, die voorspoed van die beloofde Messiasryk, maar dat hulle niks wou weet van die Vrededevors wat deur God voorsien is nie!

Toe die Here Jesus (ongeveer vyf eeue later) Sy intog in Jerusalem gemaak het, het die profesie van Sagaria weer sterk onder die aandag van die volk gekom. Die skare wat

Jesus omring het, het Jesus toegejuig met die woorde van Sagaria, net om enkele dae later uit te skreeu: Ons wil nie hierdie Man as Koning oor ons hê nie!

Is dit nie nog steeds ook ons eie tyd se sonde nie? Mense soek ernstig na Vrede – langs alle weë, selfs in godsdienstigheid – maar asseblief tog net los van die Vrededevors? Daar is ’n oorheersende voorspoed – maar sonder om te buig en Jesus as die Vrededevors te erken. Hy, wat ons Vrede gee langs die weg van versoening met God in die Vrededevors se soendood, Hy wat die mens oproep tot algehele en gehoorsame oorgawe aan die wil van die Vader, Hy is die Vrededevors wat onder Sy mense woning maak en wat hulle onderdaansverantwoordelikheid kom opeis.

Deur die Vrede los te maak van Jesus Christus en Sy soendood vir Sy volk, verstaan die mensdom nie die diepe betekenis van die Woord: “Christus ons Vrede”, nie.

### IN HIERDIE UITGAWE

- ✂ Ons enigste troos .....2
- ✂ 2003 in Oënskou .....3
- ✂ Buitelandse besoeker .....5
- ✂ Lewensvisie .....7
- ✂ Verbondsmoeder .....8
- ✂ Vooruitskouing .....12



## Boodskap van die Voorsitter:

# ONS ENIGSTE TROOS

- Prof A W G Raath

Tydens Kerkraadsvergaderings word dikwels verneem dat lidmate **behoefte het aan troos** – die bedoeling is dan dat daar 'n groter mate van pastorale begeleiding in die prediking sal wees. Voorts word dan opgemerk dat prediking oor lering, die inhoud van die verbond en die beloftes van God goed is, maar dat die inhoud van die prediking sodanig sal wees dat die lidmate getroos kan wees, bedoelende empatie, meelewing, ondersteuning van die kant van die kerk sal ervaar.

Dit is nie vreemd dat gelowiges hierdie behoeftes uitspreek nie – elke dag **maak die media ons bewus** van die geweld in ons samelewing, moord op weerlose mense, dalende rentekoerse sodat bejaardes nie van die rente-inkomste van hul beleggings kan leef nie; jeugmisdaad en morele verval wat die sedelike gronde van ons samelewing ondermyn; huweliksverval wat met rasse-skrede toeneem; gesinsgeweld wat 'n daaglikse verskynsel word.

Die oproep om troos is dus vir baie mense 'n **versugting** van die behoefte om ondersteuning en persoonlike meelewing van die kant van die kerk omdat hulle dit nie meer in die samelewing ervaar nie of vanweë die omstandighede van die tyd as 'n groot behoefte beleef. Dalk juis teen die einde van die jaar bring die helder liggies, kersbome en oproep van besighede om geskenke vir geliefdes te koop die behoeftes van

mense om troos in 'n **sentimentele sin** sterk na vore. Dit is hierdie klem op sentiment wat vir baie mense nie die behoefte aan troos bied wat blywend kan ondersteun en begelei nie.

Die geleentheid om die vraag na die ware (of enigste troos) te beantwoord is juis in tye soos wat ons tans in ons vaderland ervaar en by hierdie tyd van die jaar die mees geleë, omdat dit die fokus volledig op die **troosryke koms van Christus** na die wêreld plaas, maar dan nie eerstens met die oog op die sentimentele vertroosting waarop ons dikwels hoop nie, maar in 'n véél meer omvattende sin. Die Griekse woord wat vir vertroosting gebruik word, sluit ook in bemoediging, empatie, ondersteuning – maar dan ook vermaning en reghelp!


Reeds in die **Ou Testament** vind ons die boodskap van troos in 'n verskeidenheid van uitdrukkings: Moses roep die bevreesde volk toe dat hul nie moet vrees nie (Eksodus 14: 13, 20:20); Elia vertroos die weduwee van Sarfat tydens 'n erge hongersnood (1 Konings 17: 13; die profetiese prediking van die profete (Sefanja 3: 16, Hagai 2: 5) – vertroosting en bemoediging word 'n werklikheid wanneer vrees oorkom is en op God se hulp en beloftes gesteun word.

Ook **Martin Luther** worstel met die troosvraag, naamlik hoe hy heilig en geregverdig kan lewe sodat hy 'n genadige God kan vind en word gekonfronteer met die Roomse antwoord op die vraag na troos, naamlik afkoop van sondes en die doen van goeie werke. Vir Luther kon dit nie ware troos bied nie, sodat die soeke na troos vir Luther uiteindelik bring by die insig van die geloof alleen en nie goeie werke nie; slegs genade en nie verdienste nie; alleen die eer van God en nie menslike ampsdraers of seremonies nie.

Dit bring Luther by die insig van die wonder van die  **vertroosting van Christus** en die uniekheid van die Christelike godsdiens. As ons vanuit die Joodse godsdiens gedink het, of ook enige van die ander godsdienste vandag, selfs indien ons ons in die kring van die intergeloofsgodsdiens bevind het, sou hulle tevrede gewees het met die antwoord dat ons aan God of 'n godheid behoort – juis omdat talle mense vandag verskillende godsdienste bloot sien as verskillende maniere om by dieselfde godheid uit te kom. Volgens die Christelike godsdiens is dit 'n leuen!!!!!!!

**Daar is net één troos en één waarheid:** Die feit dat ek aan Christus Jesus behoort is die enigste en algenoegsame troos in lewe en in dood, 'n troos waarnaas daar geen ander troos nodig of selfs denkbaar is nie. Om aan Christus te behoort beteken dat dat daar vir my berusting gekom het omdat ek alle dinge in die lewe en die dood in die lig hiervan beoordeel.

Dit beteken nie dat die gelowige sy oë sluit vir die werklikhede van die lewe nie – ons besef ons ellende wat verbonde is aan liggaam en siel; ons weet dat ons lewe hier op aarde in die dood eindig; ons weet ook dat ons die prooi van die sonde is en doemwaardig voor God staan. By dié wete kan ons steeds bely: My enigste troos teenoor die vernietigende oordeel van God; in die aangesig van dood en ellende; in die huidige tydsgewrig van doodslag en moord is dat ek met liggaam en siel aan **my getroue Saligmaker Jesus Christus** toebehoort.

Geliefdes laat ons dus weet: wanneer hunkering na troos in tye van benoudheid by ons opkom; wanneer die vonkelende liggies slegs uiterlike sentimentele troos aanbied, dat ons enigste **troos véél dieper weggeleë** is – daar waar mot en roes nie kan bykom en waar diewe nie kan inbreek en steel nie. 

# 2003 in Oënskou

- H J Hayes

Die jaar, 2003, het vir die VCHO nie nét goeie momente opgelewer nie; daar was ook dié van afskeid en droefheid. Ons kyk terug oor nog 'n jaar waarin dit vir die Vereniging beskore was om aan sy roeping uitvoering te gee, en nou, aan die einde daarvan, bestekopname te neem.

## Verbondskongres

2003 het in aanvang geneem met die beplanning van 'n gesinskongres, waarop in 2002 besluit is. Die verbond as sodanig, is deur die Hoofbestuur uitgesonder as een van die sake wat van 'n hoë prioriteit geag word, en waaraan durende aandag verleen moet word. Dié kongres, in April aangebied, het gevolglik op die verbondsgesin gefokus. Onderwerpe, waarvan die verbondsvader en -moeder, die verbondsgesin, verbondsgemeenskap en verbondsvolk, wat elk deur uitstekende referate ingelei was, is behandel, gevolg deur bespreking, waaraan die gehoor deelgeneem het. Goeie deelname uit die gehoor, ten spyte van 'n kleiner as verwagte bywoning, was een van die opvallende kenmerke, wat deels daaraan toegeskryf word dat daar vooraf in gespreksgroepe verdeel is. Die kongres word as een van die hoogtepunte van die jaar beskou.

Die verbondsbeskouing as sodanig, is egter so 'n belangrike en omvattende saak dat daar nie by een enkele kongres genoegsame aandag daaraan gegee kan word nie. Daar het tot dusver ook nog nie baie in druk oor die verbond in 'n bevatlike formaat verskyn nie. Weens die wesensbelang wat kerk en volk daarby het, is dit noodsaaklik dat dringende aandag aan die verbreding van die verbondsbetekenis gegee sal word. Gemeentes en skole word derhalwe uitgenooi om aan die gesprek daarvoor deel te neem. **Die VCHO is bereid om op uitnodiging een of meer van die verwante onderwerpe aan te bied in 'n gemeente of skool of tydens 'n saamtrek van een of meer gemeentes en/of skole.** Die gesin is 'n noodsaaklike entiteit binne die verbondsbeskouing – met die Bybelse openbaring in gedagte – daarom die beklemtoning van die tema: “Die pad na geestelike herstel vir kerk en volk loop deur die verbondsgesin.”

Besoek die webblad van die VCHO en kyk onder “Kongresse en seminare.

[www.vcho.co.za](http://www.vcho.co.za)

Vergelyk ook vorige Roeping en Riglyne en artikel op p 8-9 in hierdie uitgawe.

Daar word vervolgens ook aan die verskyning van 'n reeks onderwerpe oor die verbond, wat later as 'n versamelwerk gebundel kan word, aandag gegee.

## Afskeid

Nadat prof JJ Pienaar nog vir geruime tyd, ten spyte van sy verswakende gesondheid, as hoofbestuurslid aangebly het, was dit onvermydelik dat van hom afskeid geneem moes word. Prof Pienaar is een van die gewaardeerde lede van die VCHO, wat vir etlike jare sy besondere bydrae gelewer het. Talle artikels, deur hom geskrywe, het in van ons publikasies verskyn. Hy was in April nie weer vir die hoofbestuur beskikbaar nie. Prof Pienaar en sy gade woon tans in Pretoria. Ons beder vir hulle is dat hulle steeds die krag van die Here sal ondervind.

Dr HJ Smith (Pretoria) het hom weens werkomstandighede ook nie in April verkiesbaar gestel nie. Dr Smith het 'n jarelange verbintenis met die VCHO. Dit word vertrou dat ons hom vorentoe weer in die hoofbestuur sal kan betrek.

## U bydrae het die volgende maontlik gemaak in 2003

- Verbondskongres
- Verspreiding van Bybelonderrig op laserskyf
- Vertaling van Bybelonderrigprogram
- Evaluering van vakmateriaal
- Bekendstellingsbesoeke aan gemeentes
- Verskyning van Roeping en Riglyne
- Literatuurverspreiding



Prof. Pienaar

Ons is dankbaar dat di JAE Adendorff (Germiston) en H Hefer (Boksburg) ingewillig het om in die hoofbestuur te dien en ook reeds aan die vir hulle eerste vergadering, deelgeneem het. Dit is aangenaam om hulle in daardie hoedanigheid te verwelkom.

Ds C Bester se uittrede in September, as hoof- uitvoerende beampte, ná byna tien jaar diens, waarin hy 'n sleutelrol in die VCHO-kantoor vervul het, laat beslis 'n leemte. Daar is kundigheid en ondervinding deur hom opgedoen wat nie sondermeer aan 'n opvolger oorgedra kan word nie. Dat ds Bester steeds as organiseerder: werwingsbesoeke aan gemeentes, beskikbaar is, en ook as redaksielid van *Roeping en Riglyne* aanbly, word allerweë verwelkom.



Ds Adendorff

**Vervolg op bl. 4**



### Pretoria-tak

Gedurende Julie het ons die onverwagse tyding van mev. Linda Malan se skielike siekte ontvang. Enkele weke daarna, op 21 Augustus, het ons van haar heengaan verneem. Sy was 'n steunpilaar wat in Pretoria groot werk gedoen het, veral die verantwoordelikheid vir die organisering van die takwerksaamhede aldaar. In haar het ons 'n getroue medewerker gehad. Seminare is gedurende haar dienstryd aangebied, en mede deur haar ywer, kon 'n aktiewe tak tot stand kom. (Kyk ook die berig in ons September-uitgawe)

Die afsterwe van mev. Malan laat die Pretoria-tak sonder 'n organiseerder. Die belangrike werk wat reeds vir etlike jare daar gedoen word, moet egter volgehou word. Moontlik is van ons lesers, of weet ons lesers



Ds. Hefer

van, **persone wat sou belangstel om die organisasiewerk in Pretoria te doen**, veral die seminare wat mev. Malan so gereeld gedurende Maart/April en in Septem-

ber elke jaar georganiseer het. Laat weet ons dan asb so spoedig moontlik, omdat daar reeds vir volgende jaar DV so 'n geleentheid einde April vir Pretoria in vooruitsig gestel word.

### Inisiatiewe

Die Hoofbestuur het in Oktober sy tweede vergadering van die jaar gehou, waartydens 'n verskeidenheid van sake onder bespreking was. Een daarvan is die befondsing van die werksaamhede, te midde van steeds dalende inkomste vanweë veral rentekoersverlagings. Dit noodsaak die ontginning van nuwe bronne van inkomste. Daar word in hierdie opsig deurlopend ondersoek ingestel, ondermeer na die aanwending van die VCHO se eiendomme as 'n bykomende bron van inkomste.

Daar is belangrike nuwe inisiatiewe waarmee in 2003 'n begin gemaak is, een waarvan 'n samewerkingsprojek vir die evaluering van vakinhoud. Daarvoor word, met die goedgeunstige medewerking van een van ons projekgenote, vakmateriaal van 'n Christelike inslag, vir verspreiding in skole, ontwikkel.

Daar is ook 'n besluit oor die ontwikkeling van 'n bemarkingstrategie geneem, wat bestem is om in 2004 geïmplementeer te word. Verskillende fasette van die VCHO sal daarin uitgelig en 'n wyer bekendstelling van die VCHO gedoen word

Inmiddels word uitgesien na die verskyning in 2004, van die VCHO se gedenkpublikasie oor sy 50-jarige bestaan, waarvoor verskeie navrae reeds ontvang is.

Dit was 'n groot oomblik toe die laserskyfweergawe van die Bybel-onderderrigleerplan in September vrygestel kon word. Goeie kommentaar

word ontvang en die verkope verloop na wense. Die laserskyfie kan steeds van die kantoor bekom word. Intussen nader die Engelse weergawe voltooiing en dit word verwag dat dit teen die helfte van 2004 gereed sal wees. Die teikenmark sal daardeur aansienlik vergroot kan word.

Verskeie vorige publikasies van die VCHO het in 2003 herdrukke beleef, wat 'n aanduiding daarvan is dat daar wel 'n aanvraag vir die gereformeerde boek bestaan. 'n Tweede oplaag van 'n 2002-publikasie, *Reformerend die millennium in*, en 'n derde herdruk van 'n *Nuwe onderwysmodel: waarom?*, is in 2003 uitverkoop. Die noodsaak vir die groter beskikbaarheid van die gereformeerde boek, het trouens daartoe gelei dat in 2003 met 'n projek begin is wat daarop gerig is om by goedgekeurde afsetpunte boeke van hierdie inslag beskikbaar te maak. Sodanige afsetpunte is tans in Bloemfontein, Potchefstroom en Pretoria gesetel.

### Dankbaarheid

Ons het weliswaar in 2003 terugslae beleef. Dit het ons egter nie ontmoedig nie, omdat ons soos Paulus verseker is: "Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet" (Rom 8:37). Voor alles gaan ons dank aan ons Hemelse Vader. Aan al ons lede wil ons dank betuig vir volgehoue ondersteuning deur onder meer gebede, bemoediging en wat, knelende ekonomiese omstandighede ten spyt, voortgaan met hul bydraes aan die VCHO.

Vir navrae oor enige van gemelde sake skakel 051- 448 9160/ 448 4464, of rig 'n skrywe aan Posbus 1824, BLOEMFONTEIN 9300. 📧

## Ons Nuusblad in 'ligter' formaat

Die *Roeping en Riglyne* het in gewig ligter geword, maar nie in inhoud nie. Stygende posgeld het die Redaksie genoodsaak om na 'n dunner formaat te beweeg. Daar sal egter nooit aan die kwaliteit van die leesstof afgeskaal word nie. In hierdie uitgawe is 'n uithaalblad in die middel met twee belangrike artikels om te lees en te bère.

Daar is ook 'n boekmerk op bladsy 11 en 12 wat uitgesny en aan 'n onderwyser gegee kan word. Die Redaksie wens al die lesers 'n geseënde Kersfees en Nuwejaar toe!



### Gedagte

Die duivel van onkunde bestaan niet alleen uit gebrek aan boekegeleerdheid, maar ook uit onvoldoende ontwikkeling van het edelste wat in een mensen hart is, en uit ongevoelendheid van oog en hand." - M T Steyn, Junie 1909

# VCHO ONTVANG BUITELANDSE BESOEKER

- dr L Hoffman

Prof G J Schutte van die Vrije Universiteit in Amsterdam, Nederland, het 'n besoek aan die VCHO kantoor gebring. Prof Schutte is 'n historikus met 'n spesifieke belangstelling in die **Nederlandse Protestantisme**. Hy is tans besig met navorsing vir 'n boek oor die verhouding tussen die Vrije Universiteit en Suid-Afrika vanaf 1880 tot 2005. Daar is interessante bande tussen die twee lande se Universiteite en ook met die VCHO.

In die vroeë jare van die vorige eeu het talle Suid-Afrikaanse teologiese studente aan die Vrije Universiteit (VU) gaan studeer. Onder die studente was latere bekendes soos Totius, Willie Joubert, H A Lamprecht en N J van der Merwe. Prof Schutte is van mening dat onder andere die **Anglo-Boereoorlog (ABO)** 'n invloed op studente na die VU gehad het. Talle predikante wou na die ABO eerder na 'n Nederlandse as 'n Engelse Universiteit gaan.

Abraham Kuyper, stigter van die VU, het klem gelê op die **Kerk wat aktief in die samelewing** die Christelike

geloof moet uitleef. Teologiese studente uit Stellenbosch het in daardie vroeë jare van die 1900's aanklank hierby gevind. Na die ABO moes die land weer opgebou word. Die armblanke vraagstuk het na vore getree, en so meer. Tot in 1940 was Suid-Afrikaners die **grootste groep buitelandse studente** aan die VU. Van die 99 doktersgrade wat tot in daardie jare uitgereik is, was 24 aan Suid-Afrikaners.

Van die studente wat teruggekeer het van die VU, het 'n **belangrike rol** in Suid-Afrika kom speel. Willie Joubert het hom beywer vir die verafrikanisering van Stellenbosch en betrokke geraak by Naspers. H A Lamprecht word 'n volksraadslid. Die hantering van die Du Plessis-saak van die jare 40 rakende Skrifbeskoning in die kerk, is klaarblyklik ook grootliks beïnvloed deur predikante wat aan die VU gestudeer het. Dit blyk dat **die VU aan iets gebou het** wat op daardie tydstip van ons land se geskiedenis belangrik was op kerklike en sosiale gebied in Suid-Afrika.

Daar gaan 'n paar bladsye in prof

Prof G J Schutte is 'n dosent aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland. Hy is werksaam in die Fakulteit Lettere, Departement Geskiedenis. Sy spesialiteitsgebied is die Nederlandse Protestantisme. Daar het reeds verskeie boeke uit sy pen verskyn.

Schutte se **nuwe boek** aan die VCHO afgestaan word. Die saak van Christelike wetenskap het 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Vrije Universiteit gespeel. Verder het die VCHO vroeë jare studente finansiële ondersteuning om aan die VU te gaan studeer.

Die jare van **sanksies** teen Suid-Afrika het groot leemtes in die boekery van die VU laat ontstaan. Suid-Afrikaanse boeke en tydskrifte is vir meer as twee dekades nie ontvang nie. Dit skep 'n probleem vir navorsers soos prof Schutte. Dit het hom noodsaak om persoonlik na Suid-Afrika te kom om **navorsingsmateriaal** vir sy boek te versamel. Sy navorsing sluit onder andere notules van die vroeë jare van die VCHO se bestaan in. Die VCHO gaan ook poog om prof Schutte verder van hulp te wees in navorsingsmateriaal wat hy dalk mag benodig.

Prof Schutte is 'n lidmaat van die Vrijgemaakte Gereformeerde Kerk in Hilversum, Nederland. Die VCHO wens prof Schutte sterkte toe met sy nuwe boek en sien uit na die verskyning daarvan. Mag daar in die jare wat kom **mooi samewerking** wees tussen die VCHO en ander geesgenote soos prof Schutte. 📖



Foto geneem in VCHO biblioteek. V.l.n.r. mnr H J Hayes (VCHO), prof G J Schutte (VU), prof J C Lombard (oud VU-student) en dr L Hoffman (VCHO).

## Oud VU-student in VCHO geledere

Een van die **VCHO se vorige hoofbestuurslede**, prof J C Lombard het in 1957 sy doktersgraad aan die VU behaal. Hy en sy vrou het in 1955 die lang reis per boot na Amsterdam onderneem om daar met sy studies te begin. Die titel van sy

proefskrif was: Die leer van die Heiligmaking by Karl Barth.


Prof Schutte het in sy navorsing oor Suid-Afrika en die VU al die name leer ken van Suid-Afrikaners wat hul doktersgrade daar behaal het. Tydens sy besoek aan **die VCHO kantoor**

het hy die voorreg gehad om prof Lombard, een van daardie name op die lys, persoonlik te ontmoet. Prof Schutte se kommentaar was dat dit vir hom "heel ouwlik" was om by die VCHO-kantoor aan te doen. Vgl prof Lombard se bydrae op p 6.



Die Vrije Universiteit in Amsterdam het tans ongeveer 15 000 studente, 2 000 akademiese personeellede en 1 600 nie-akademiese personeel. Die teoloog en staatsman, dr Abraham Kuyper, het 'n leidende rol gespeel in die oprigting van hierdie


universiteit op 20 Oktober 1880. In 1878 het 'n groep ortodoks-protestantse Nederlanders die "Vereniging voor Christeljk Wetenskapeljk Onderwijs" gestig. Die doel van hierdie vereniging was om 'n vrye Christelike universiteit te stig.

Vry beteken in hierdie konteks: vry van die kerk en die staat, gebonde aan God se Woord alleen. Vandaar die naam: "Vrije Universiteit". Verdere inligting kan verkry word by hulle tuisadres: [www.vu.nl](http://www.vu.nl) 

## VCHO en die buiteland

'n Totaal van 9 buitelandse organisasies/biblioteke ontvang die VCHO se geakrediteerde tydskrif *Tydskrif vir Christelik Wetenskap*. Die VCHO ontvang ook op gereelde basis publikasies van buitelandse geesgenootlike instansies.

In die afgelope vier jaar is 3 buitelandse besoekers deur die VCHO ontvang: Dr Matzken (Nederland), dr Lee (Australië) en prof Schutte (Nederland). Dit is vir die VCHO belangrik om ook buitelandse kontakte met geestnootlike organi-

sasies op te bou. Indien enige lede bewus is van geesgenootlike organisasies waarmee oorsee geskakel kan word, wil ons u uitnoui om die inligting aan die kantoor deur te gee. 

# Christene se verantwoordelikheid

Die saak van Christelike onderwys en wetenskap het nog altyd vir prof JC Lombard (vergelyk artikel op p5) na aan die hart gelê. Daarom het hy die geleentheid gebruik om in die eerste uitgawe van die VCHO se publikasie van Riglyne, (Augustus 1970, jaargang 1 nr 1) 'n artikel te skryf getiteld: Die Antichris se fronte in Suid-Afrika - 'n paar momentopnames. Grepe uit hierdie artikel, waaruit prof Lombard se ywer vir Christelike opvoeding en wetenskap blyk, word hier weergegee.

"Dis juis wat ontstel dat sommige geloofsgenote nie besef dat die Sataniese magte lewenswyd toeslaan nie. Die werk vir die Here, met name die VCHO se getuienis, word bemoeilik omdat Christenbelyers se perspektief – soms hopeloos – vereng is. Hulle kla wel oor die afval op alle terreine, maar dis meer 'n roetine-klag sonder dat hulle werklike perspektief het oor die oorspang, betekenis en implikasies daarvan en sonder 'n besef van hulle persoonlike verantwoordelikheid in die opsig.


Dit behaag die bogenoemde bese magte, veral hulle aanvoerder, die vader van die leuens op alle terreine, dat selfs soveel Gereformeerde Christene teenoor lewenswyse Chris-

telike aksie passief of afwysend staan, en vanselfsprekende roeping versaak – gevoude hande as die vyande die poorte binnekom en dit met skynvormige verontskuldigings!

Die magte van die leuen gebruik sy menslike middele en Antichriste daagliks aktief, met ontstellende sukses, en ons eie mense tree op soos diegene wat betoog het teen die oorlog teen die kommuniste, o.m. in Viëtnam. Hinder die mense wat die stryd aanknoop, bind die een hand agter die rug vas, al skend die vyand God se handewerk en skeppingsorde, al weerstaan hy die konsekwensies van Christus se omvattende verlossingswerk, al probeer hy om die vernuwende werk van die Heilige Gees te blus – juis deur mense as aktiewe middele – en ..... deur geroepe Christene, wat teen die bese magte moet veg, te ontsenu met die skim van neutraliteit.

Dat Christene hierdie perspektief mis en buite die kerk en gemeente vir geen Christelike beginsel werk en veg nie, is 'n geestelike wapenfeit wat Satan juis met groot tevredenheid registreer. Pasifisme hou tog geen gevaar in nie. Bysiene mense lewe saam met die ongeloo-

sonder om dit raak te sien, en dink soms tot 'n groot mate in terme daarvan: vreedsame naasbestaan met die Antichristelike gees, 'n onchristelike kompromie.

Die gesplete geestelike persoonlikheid, met 'n verdeelde hart, wat hink op baie gedagtes, en as jy hom vastrek op sy Christelike verantwoordelikheid t.o.v. Christelike wetenskap en onderwys, en VCHO-werk, dan met 'n geoefende en behendige hink-systap vlug vir sy persoonlike verantwoordelikheid voor Hom wat geen dubbelhartigheid duld nie." 

### Belangrike aankondiging:

Wanneer beriggewing in die media, debatvoering en gesprekke onderling, ontleed word, kan 'n mens nie anders nie as tot die slotsom te raak dat ons in Suid-Afrika met talle sake gekonfronteer word, wat dreig om die skamele oorblyfsel van orde in die samelewing te vernietig. Toegegee, daar word nog sporadiese pogings uit verskillende oorde aangewend om die uitwerking van die 'rooigety' hok te slaan. Die vry algemene wyse van bekamping hedendaags is kampanjes teen hierdie of daardie euwel of misstand, waarin die sg. gemeenskaplike vyand gebrandmerk word, synde geweld teen vroue en kinders, VIGS,

**Vervolg op bl. 14**



# DIE 'AMPTELIKE' LEWENSVISIE IN SUID-AFRIKA (MET BESONDERE VERWYSING NA DIE ONDERWYS) IS NIE SO NEUTRAAL NIE!

Prof J L van der Walt

Suid-Afrika het 'n **'amptelike' lewensvisie en waardesisteem** of openbare morele kode. Dit is te vinde in die Grondwet (RSA Wet no 108 van 1996), die *Manifesto on Values, Education and Democracy* (Onderwysdepartement, 2001) en ander amptelike (onderwys) publikasies.

Hierdie lewensvisie en meegaande waardesisteem word deur die (onderwys-) bewindhebbers beskou en aangebied as 'n soort grootste gemene deler, met ander woorde 'n stel basiese waardes wat na veronderstelling reeds in die meeste Suid-Afrikaanse lewensvisies teenwoordig is, en gevolglik deur die meeste burgers van die land ondersteun sal (of behoort te) word.

Die volgende is voorbeelde van die waardes in hierdie stelsel: gelykheid en geregtigheid, demokrasie, mense-regte, nie-seksisme, verdraagsaamheid, veeltaligheid, toerekenbaarheid, sosiale eer en regverdigheid, nasieskap, welvaart vir almal, eerbied vir die self en die ander, vir tradisie, vir die Grondwet en die volkslied, samewerking met die oog op 'n gemeenskaplike toekoms, vriendskap, versoening, die heling van die wonde wat in die verlede toegedien of opgedoen is, die uitwissing van rassisme en diskriminasie.

Implikasies vir die onderwys.

Hierdie 'gemene deler'-benadering het gewichtige implikasies vir die onderwys in ons land. Die *Verdere onderwys- en opleidingskurrikulum* is byvoorbeeld ontwerp om 'uitdrukking te gee aan kennis, vaardighede en waardes wat Suid-Afrikaners as waardevol beskou. Die kurrikulum is gegrond op die veronderstelling dat kennis nie neutraal is nie, maar gefundeer is in 'n kollektiewe visie, missie, waardes en die beginsels vir al die mense van die land' (aldus minister Asmal in die *Voorwoord* (2002)).

Die probleem!

Die probleem met die publieke lewensvisie of morele kode is dat, omdat dit na veronderstelling deur alle Suid-Afrikaners gedeel en ondersteun behoort te kan word, die waardes daarin begrepe na veronderstelling 'leeg' moet wees, met ander woorde hulle is self sonder spesifieke lewensbeskoulike inhoud of konteks. So 'n 'ideale' lewensvisie herinner 'n mens aan 'n Kantiaanse soeke na 'n suiwer rasonele, objektiewe, abstrakte en universele grondslag vir menslike gedrag, heeltemal onafhanklik en onaangemas

Die 'amptelike' lewensvisie word voorgehou asof dit leeg en sonder konteks is.

deur enige subjektiewe sienings soos bepaal deur die een of ander religie, werklikheidsvisie, sosiale groep of individu. Die waardes daarin is veronderstel om gesien te word as onveranderlike wette, gelykelyk toepaslik op die lewe en gedrag van elke redelike mens onder alle moontlike omstandighede. Die doel van so 'n (veronderstelde) neutrale en redelike waardesisteem of morele kode is om die mens se morele gedrag vry te maak van enige arbitrêre (individuele en persoonlike) en 'toevallige' veronderstellings, houdings en karaktereenskappe.

Die 'amptelike' lewensvisie of openbare morele kode word aangebied as 'n soort grootste gemene deler.

Die geskiedenis van die denke het egter getoon dat so 'n kontekslose en inhoudlose waardesisteem en lewensvisie nog nooit verwesenlik kon word nie. En dit sal ook nooit kan gebeur nie. Die rede hiervoor is dat die geloof in so 'n kontekslose

Die geskiedenis het getoon dat so 'n konteks- en inhoudlose lewensvisie of morele kode nog nooit bestaan het nie.

en universele lewensvisie in sigself ook maar net 'n geloof is. Daar is baie bewyse uit die geskiedenis dat mense op morele en lewensbeskoulike gebied van mekaar verskil. 'n Kontekslose en inhoudlose lewensvisie of waardesisteem kan dus nie bestaan nie. Ook nie in Suid-Afrika nie!

Die werklike inhoud van die 'amptelike' waardesisteem.

Die 'amptelike' lewensvisie moedig nie slegs eerbied vir die fundamentele regte van al die burgers van die land aan nie, maar probeer ook die ideaal van nasiebou (nasionalisme) en 'n demokratiese kapitalistiese styl van ekonomie bevorder. Een van die strategiese oogmerke van die Tirisano-projek (2000-2004) van die Onderwysdepartement is byvoorbeeld om 'n skoolstelsel te ontwikkel wat doeltreffend en doelmatig funksioneer met die oog op die bereiking van die onderwys- en sosiale doelstellings van die land. Een van die uitkomstes wat in vooruitsig gestel word is om 'n jeug te ontwikkel met die waardes en vaardighede waarmee hulle goed kan funksioneer in die breë gemeenskap en die werksomgewing. Hoewel die Minister van Onderwys aanvoer dat die projek gerig is op die vorming van 'morals and values', is dit duidelik dat hierdie 'morals and values' nie verwys na dié wat 'n leerder of onderwyser mag hê of behoort te koester nie, maar na die konteks waarin die leerder moet presteer en waarin die leerhandeling moet plaasvind.

Wat is dan die waarde-inhoud van die 'amptelike' lewensvisie of morele kode in Suid-Afrika?

Die 'amptelike' lewensvisie het 'n eie spesifieke inhoud wat verband hou met die nasionale agenda.

Die Hersiene nasionale kurrikulumverklaring (2002) stel dat die bevordering van waardes nie soseer be-

**Vervolg op bl 9**

# DIE VERBONDSMOEDER IN SKRIFLIG

Dr IH Horn

Moederskap behels dat 'n vrou aan haar kinders onder meer die volgende bied: liefdevolle kommunikasie, blywendheid, sekuriteit, vertroeteling, gerusstelling en dissipline. God het die vrou so geskape dat moederskap in haar hart geskrywe staan. Daarbenewens het God die vrou 'n **passie** vir haar eie kinders gegee. In ons tyd blyk dit egter dat baie vrouens 'dwaas geword het in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister' (Romeine 1:21).

Baie vrouens weet eenvoudig nie meer van nature wat **ware moederskap** behels nie. Dié vrouens mag dan óf hulle kinders te min aandag gee óf hulle is oortogewy aan hulle kinders. Eersgenoemde hou verband met die feminisme en die sogenaamde emansipasie van die vrou. Laasgenoemde hou verband met die magdom literatuur aangaande kinders grootmaak waarin die advies op 'n humanistiese, mensgesentreerde eerder as 'n Bybelse perspektief berus.

Die Bybel praat nie direk van moederskap nie, maar van **ouers**. Beide ouers word beveel om hulle kinders lief te hê, te dissiplineer en in God se Woord te onderrig. In Efesiërs 6:4 som Paulus die Here se orde vir ouers in drie fundamentele bevels op: *liefde, dissipline en onderrig*. Hierdie opdragte moet op verskillende wyses deur die vader en moeder vervul word. God het die man en die vrou nie net fisies verskillend geskape nie. Hy het hulle ook met emosionele verskille geskape, en derhalwe het Hy aan die man en die vrou **verskillende rolle** in die huweliksverhouding toegesê. Om die moeder se spesifieke rol in die gesin te bepaal, moet ons dus kyk na die rol wat die Here vir die vrou in die huweliksverhouding neergelê het. Die leringe van die feminisme is in direkte teenstryd met die rol wat die Here vir die vrou neergelê het.



In die gedeeltes van die **Bybel** waar God oor die vrou se rol in die huweliksverhouding praat, byvoorbeeld Efesiërs 5:22-24, Kolossense 3:18 en 1 Petrus 3:1, is Sy kernopdrag aan die vrou dat sy aan haar man onderdanig moet wees. Hierdie bevel beteken nie dat vrouens minderwaardige wesens is of dat vrouens aan mans in die algemeen onderdanig moet wees nie. Die vrou moet aan *haar eie* man onderdanig wees. In elk van dié Skrifgedeeltes word die vrou ook eerste aangespreek. Dit dui op vrywillige onderwerping – liefdegawe van haar aan haar man wat sy gesinshoofskap tot stand bring en in stand hou.

**Die Here het die man as hoof van die gesin aangestel, omdat Hy hom geskape het om te inisieer en te lei, terwyl Hy die vrou geskape het om te volg. Die vrou se sondige natuur kom natuurlik in opstand teen die gesagsordening wat God vir die huwelik beveel. Nietemin, die vrou wat God se opdrag aan haar as huweliksmaat gehoorsaam, skep vir haarself en haar gesin die geluk en welsyn wat ons Hemelse Vader vir hulle bedoel het. Sy bring in haar huis die liefde en die samesyn wat in Psalm 133 besing word, tot stand.**

Die vrou se erkenning van haar man as die **gesinshoof** skep 'n atmosfeer van liefde en rustigheid in die huis. Haar respek vir haar man is die sleutel tot die respek en eerbied wat die kinders vir hulle vader moet toon. Die moeder is die brug tussen die kinders en die vader, en haar optrede teenoor haar man moet die vader-kind verhouding opbou.

As sy nie haar man as hoof erken nie, mag sy die vader-kind verhouding dalk onherroeplik **beskadig**. Opbou eerder as afbreek van die vader is vandag belangriker as ooit tevore. Die feminisme en die sogenaamde emansipasie van die vrou het in die huidige gekulmineer in 'n samelewing wat vyandig teenoor mans staan.

Die vrou wat te trots is om haar man as haar hoof te eer, doen haarself en haar kinders 'n groot onreg aan. Sy **ontneem** haarself en haar kinders die emosionele en geestelike beskerming wat die hoofskap van die man hulle bied en wat hulle nodig het. Die vrou is emosioneel en gees-

telik kwesbaarder as die man en juis daarom het God in Sy wysheid die man as hoof aangestel.

**Die gevolge van die moeder se trots is óf dat die ouers in gedurige konflik is óf dat die vader die rol van gesinshoof aan sy vrou oorgee. Albei lei tot 'n gebrek aan innerlike geborgenheid en sekuriteit by die kinders. Die vrou se oorname as gesinshoof kan diepgrypende en ontsettende gevolge hê. In ons samelewing waar die man van sy hoofskap ontnem is of waar hy dit vrywilliglik ontduik, ervaar ons toenemende homoseksualisme, lesbiënisme, vrouemishandeling en verkragting.**

Dit kan soos volg verklaar word: **Seuns** leer om nie-dominant, selfs swak te word, maar omdat die man se God-geskape drang tot leier- en hoofskap selde totaal onderdruk kan word, word dié mans dikwels vrouemishandelaars en verkragters. Daarbenewens soek alle mans na sagtheid en teerheid. Seuns van 'n dominerende moeder en 'n swak vader neig derhalwe meer dikwels tot homoseksualisme, omdat hulle warmte, sagtheid en teerheid eerder met mans as met vrouens assosieer.

**Dogters** uit 'n gesin waar die moeder die dominante figuur is, leer om leierskap in hulle eie huwelike en op ander lewensterreine op te eis, maar omdat God die vrou nie geskape het om hoof te wees nie, neig feministe asook ander vrouens in leierskapposisies dikwels tot hardheid en selfs tot ongenaakbaarheid.



Die sogenaamde **emansipasie** van die vrou het ook 'n ander diepgrypende gevolg gehad. Dit het baie vrouens oortuig dat self-vervulling nie in moederskap gesetel is nie, maar in 'n loopbaan en vordering in dié loopbaan. Ek besef dat baie vrouens as gevolg van hoë lewens-

**Vervolg op bl. 9**



## Verbondsmoeder vervolg

onkoste moet werk en dat moederskap en alles wat dit behels moeiliker vir 'n werkende vrou is. Nietemin, die Verbondsmoeder wat noodsaak is om te werk, moet nogtans haar heil en vreugde in haar moederskap vind en nie in haar werk nie. God se roeping aan die vrou as moeder word in 1 Timoteus 2:15 gegee naamlik: '[S]y sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoëndheid'.

God is 'n **God van liefde**. Hy verstaan as die moeder *moet* werk. In die lig van wat in 1 Timoteus 2:15 geskrywe staan, glo ek egter nie dat Hy verskonings van 'n werkende moeder sal aanvaar dat sy te min tyd gehad het om haar kinders na Hom toe te bring nie. Die Verbondsmoeder moet haar man en kinders vóór persoonlike ambisie stel. In Deuteronomium 6:5-9 beveel die Here dat kinders in 'n omgewing wat met Sy Woord oorheers word en deurdrenk is, grootword.

Om 'n werkende moeder te wees, is geen verskoning om nie **huis-godsdiens** voor ontbyt en aandete te hou nie, om nie wyding na aandete te hou nie, om nie Bybelverhale te lees en te bid voor slapenstyd nie, om nie Sondae aan die Here te wy nie en om nie die kind te leer om Skrifgedeeltes te memoriseer nie. Sny byvoorbeeld TV uit en daar is onmiddellik ekstra tyd.



God beveel die moeder om Godvresende kinders groot te maak. Daarin lê haar heil.

Haar **kinders mag egter nie die spil** wees waarom haar lewe draai nie. Die gesagsordering wat die Here vir die gesin neergelê het, is: Christus bo, dan die man, dan die vrou (Efesiërs 5:23) en laastens die kinders (Efesiërs 6:1-2). In sommige gesinne plaas die moeder die kinders eerste. Hulle behoeftes en begeertes word eerste gestel. 'n Kindgesentreerde gesin word ook aangevoedig deur die klem wat sielkundiges en opvoedkundiges op kinders se selfbeeld en hoë self-agting plaas.



'n Skynbare **teenstrydigheid** mag egter ontstaan, naamlik dat die kind nie meer toegelaat word om kind te wees nie. Hy/sy moet altyd beter wees as ander kinders. Hy/sy word alles gegee wat hy/sy wil hê, maar daar mag ook vereis word dat hy/sy presteer, beter as ander kinders en verkieslik bo sy/haar ouderdomsvlak. Die begaafde kind sal heelwaarskynlik arrogant word, terwyl die vereiste om te presteer die minder begaafde kind onder geweldige spanning plaas wat uiteindelik selfs tot selfmoord kan lei. En albei hierdie kinders, begaafd en onbegaafd, leer dat liefde verdien moet word. Hoe kan hierdie kinders ooit die ware Evangelie van die mens se algehele onverdiensde begryp?

Boonop, kinders wie se selfbeeld oorbeskerm word, stuur op trauma-

tiese **ontnugtering** af wanneer hulle eendag beseft dat hulle nie die spil is waarom ander mense se lewens draai nie en/of dat hulle dalk nie so wonderlik is soos die moeder hulle te kenne gegee het nie. Hoe kan hierdie kind ooit sy/haar eie sondige hart raaksien en tot ware bekering kom?

Ten slotte: Ons kinders, soos alle kinders deur die eeue heen, het lewensnood na 'n **Bybelse huis-gesin** waar die gesagsorde volgens die Here se wil is. Mag die Here die sluier oor die harte van vrouens lig dat hulle moederskap volgens Sy wil verstaan en die invloede van ons tyd – die feminisme en die onbybelse opvoedingsadvies – te bowe kom. **Die moeder is die hart van die gesin en dit is by haar waar die herstel van ons gesinne moet begin.**

### Bronnelys

CHRISTENSON, L. 1970. *The Christian family*. Minneapolis: Bethany Fellowship.

GRAMS, A. 1968. *Changes in family life*. St Louis, Missouri: Concordia.

OPPERMAN, G. 2002. My kind: my Alfa en Omega. *Roeping en riglyne*, Jaargang 50, Nr 2, Des:1-2.

VILJOEN, H. [sa]. *God se plan vir 'n gelukkige huwelik*. Pta: Christelike lektuurmaatskappy.

**Hou die volgende datums  
in gedagte vir u  
beplanning in 2004  
Geleentehede beplan  
Pretoria-tak: 27 April of  
begin Mei 2004  
Kongres aan die Rand:  
21 of 28 Augustus 2004**

## Vervolg van bl 7

langrik is vir die persoonlike ontwikkeling van die leerders nie, maar dat dit veral daarop gerig is om 'n nasionale Suid-Afrikaanse identiteit te bevorder en in stand te hou (vgl. ook die Inleiding tot die Grondwet, 1996).

'n Sekere soort leerder moet gekweek word, naamlik een wat deurdrenk is met die waardes van, en bereid is om op te tree in belang van 'n samelewing wat gebaseer is op eerbied vir demokrasie, gelykheid,

menslike waardigheid, lewe en sosiale geregtigheid. Die klem lê op die ontwikkeling van die self in gemeenskap. Die visie vir die Lewensoriëntering-leerarea is wel gerig op individuele groei vir leerders, maar dit moet altyd gesien word as deel van 'n poging om 'n demokratiese samelewing tot stand te bring, om 'n produktiewe ekonomie op die been te bring, en lewensgehalte te verhoog.

Die Leerarea is daarop gerig om leerders te bemagtig om hulle volle potensiaal te bereik terwyl hulle besig is om die waardes na te streef wat in

die Grondwet opgeneem is. Hulle sal met ander woorde leer om aan te dring op hulle grondwetlike regte en hulle verantwoordelikhede in dié verband nakom, om die regte van ander te eerbiedig, en om verdraagsaam te wees teenoor die kulturele en godsdienstige verskeidenheid in die land, en dit alles moet gebeur met die oog daarop om 'n demokratiese samelewing tot stand te bring (Die hersiene kurrikulumverklaring, 2002).

Die kurrikulums vir sowel die Algemene as die Verdere onderwys- en

**Vervolg op bl. 10**

## Vervolg van bl. 9

opleidingsfases is voorts, ten minste vir die afsienbare toekoms, gebaseer op die beginsels van sosiale transformasie (in 'n na-apartheidsameleving). Die kurrikulum vir die Verdere onderwys- en opleidingsfase is gerig op die bevordering van menseregte en sosiale en omgewingsgeregtigheid (soos in die Grondwet omskryf). Die kurrikulum is gevoelig vir probleme wat te doen het met diversiteit (verskeidenheid) soos armoede, ongelikheid, ras-, geslags-, taal-, ouderdomsdiskriminasie, gestremdheid, en ander faktore (Die nasionale kurrikulumverklaring, Grade 10-12, 2002).

Wat die ekonomie van die land betref, is dit duidelik dat die huidige regering 'n

Die 'amptelike' lewensvisie het veral te doen met demokrasie, nasiebou en die ekonomie.

groot verskeidenheid van belange moet probeer bevredig, vanaf aan die een kant die massabasis van die werkende klas, tot aan die ander kant die opkomende swart elite, die oorwegend blanke grootsake-wêreld en sy bondgenote, en die globale beleggingsgemeenskap.

Soos ander hedendaagse sentrum-linkse partye vind die ANC dit moeilik om die lokstem van die globale ekonomie te verontagsaam, en daarmee ook die logika dat alle ekonomiese en sosiale beleid ondergeskik gestel moet word aan die nodigheid om buitelandse beleggings te lok ten einde die ekonomie te versterk. Sentrum-linkse partye soos die ANC moet dus na links praat om hulle ondersteuningsbasisse tevrede te hou, maar hulle moet na regs optree om beleggers tevrede te hou. Hierdie dubbelloop benadering tot die ekonomie blyk ook uit die woorde van president Mbeki as hy op die webwerf van die ANC in Oktober 2002 sê dat die regering sowel met die grootsake-wêreld wil saamwerk, maar ook die land wil herbou en die Afrika-renaisance wil bevorder. Die doel van die regering is om 'n moderne, globale en markgerigte ekonomie tot stand te bring, sê Mbeki in sy openingstoespraak in die parlement (2003). Globalisme en 'n markgerigte sosiaal-demokratiese vorm van kapitalisme

vorm dus ook deel van die 'amptelike' lewensvisie.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die 'amptelike' lewensvisie, die openbare morele kode van die huidige bewindhebbers nie neutraal, sonder inhoud, is nie. Dit is gevul met 'n hele aantal waardes wat verband hou met ideale soos die erkenning van die fundamentele regte van alle mense, sosiale transformasie, nasiebou en nasionalisme, globalisme, en die bevordering van 'n 'hi-tech'-sosiaal-demokratiese kapitalisme (dog met afwysing van naakte, dit is: neo-liberalistiese kapitalisme, en van ver-linkse sosialisme soos die kommunisme). Hierdie lewensvisie is dus alles behalwe neutraal. Dit is in sigself die beliggaming van geloof in sekere waardes en ideale.

Die praktiese uitwerking van die 'amptelike' lewensvisie.

as hulle gekonfronteer word met 'n lewensvisie soos dié met 'n aantal waardes wat in sigself alles behalwe 'leeg', konteks- en inhoudloos is, maar nogtans voorgee om so te wees, en dus universeel aanvaarbaar en toepaslik te wees. Nog 'n groter probleem is egter die gevaar dat hierdie 'amptelike' lewensvisie hulle eie lewensvisies kan verdring, op die agtergrond kan skuif.

Daar bestaan 'n wesentlike gevaar dat so 'n gewaande konteks- en inhoudlose waardesisteen ander lewensvisies kan verdring, destabiliseer en marginaliseer.

Dit is, soos enige ander lewensvisie, 'n menslike, sosiale konstruksie, maar in die geval van die lewensvisie van maghebbers word dit aan-

Die 'amptelike' lewensvisie is in sigself die beliggaming van 'n geloof in sekere waardes en ideale.

gebied in die gewaad van universaliteit, aanvaarbaarheid en algemeen geldigheid. In die proses word nie slegs die feit oor die hoof gesien dat dit self ook 'n sosiale konstruksie deur 'n bepaalde groep mense is nie, maar ook die feit dat dit bevoorregting bo ander lewensbeskouinge oeps.

Weens owerheidsondersteuning en onkritiese aanvaarding deur die burgers van die land sal dit op die ou einde ander lewensvisies verdring, lei tot die negering en ontmagtiging van die ander, en die burgers van die land se oë vir die verskeidenheid van lewensvisies sluit. Geen lewensvisie is só groot, omvangryk en algemeen geldig dat dit alle ander kan omvat nie; daarom moet dit onvermydelik ander verdring en uitsluit. Omdat dit die geval is, kan 'n mens sê dat die 'amptelike' lewensvisie die beliggaming en legitimitasie is van die belange van diegene wat oor die mag en die gesag beskik om sulke gewaande oor-koepelende en universele aansprake te maak.

Die 'amptelike' lewensvisie neig om alle ander lewensvisies op die agtergrond te skuif.

In die owerheid se strewe om nie die een of ander godsdien, geloof of lewensvisie te bevoordeel of te

Ander lewensvisies word na die private lewe verdring. Die 'amptelike' een word beskou as die enigste openbare een.

bevorder nie, om sogenaamd godsdienstig-lewensbeskoulik neutraal te bly en om vryheid van godsdien en gewete vir alle burgers te waarborg, gebeur dit dat ander lewensvisies en

waardesisteme na die agtergrond verdring word.

Hulle word na die binnekante van kerke, moskees of sinagoges verdring. Hulle word as 'privaat' beskou, in teenstelling met die 'amptelike' een wat as 'openbaar' beskou word. Die gevolg van hierdie verdringing van die ander lewensvisies deur die 'amptelike' een is dat 'n mens op die ou end vind dat vryheid van godsdien en gewete nie meer in die openbare lewe bestaan nie, en dat daar as 't ware 'n nuwe oor-koepelende openbare 'godsdien' / lewensvisie / waardesisteen tot stand gekom het. In die geval van Suid-Afrika, soos hierbo reeds aangetoon, word die 'amptelike' godsdien / lewensvisie / waardesisteen gekenmerk deur geloof in byvoor-

**Vervolg op bl 14**

# Christelike wetenskap deur tydskrif bevorder

- H J Hayes

Die VCHO dra op verskillende wyses by tot die bevordering van Christelike wetenskap. Een hiervan is die gereelde verskyning van die Vereniging se **geakkrediteerde tydskrif: Tydskrif vir Christelike Wetenskap**. Die publikasie verskyn reeds sedert 1965, en beleef tans sy 39ste bestaansjaar. Persone wat belangstel in Christelike wetenskap is welkom om hierop in te teken. (Sien meegaande intekenvorm.) Aangesien die tydskrif geakkrediteer is by die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (ISSN 1013-1116), kry outeurs van artikels erkenning daarvoor by alle akademiese instellings. In die 80-erjare is, op grond van dié tydskrif se onderskeidende oriëntasie (Christelike wetenskap oor die breë spektrum) en die wetenskaplike aard en inslag daarvan, akkreditasie-status daaraan verleen.

Aan die begin van 2002 het dit onder die aandag gekom dat 'n hele reeks geakkrediteerde tydskrifte in Suid-Afrika aan **hernude beoordeling** onderwerp word, wat uitgewende instansies, waarvan die VCHO een is, daartoe verplig het om opnuut aansoek te doen vir die behoud van daardie status (akkreditasie). Onder die talle vaktydskrifte van onder meer universiteite, wat in die gedrang gekom het, was ook die VCHO se eie tydskrif.

'n Gemotiveerde aansoek is gevolglik in Februarie 2002 aan die Departement van Onderwys, waar dergelyke publikasies beoordeel word, voorgelê. Daar is verskeie **kriteria** waaraan 'n geakkrediteerde tydskrif moet voldoen, waarvan onder meer dat dit navorsingsresultate moet vrystel; bydraes tot die tydskrif moet op 'n hoë vlak evalueer, van meer as een instelling ontvang, en na meer as een instelling versprei word; dit moet gereeld verskyn, en die lede van die redaksie moet van meer as een instelling afkomstig wees.

Uiteraard is die belangrikheid van die behoud en handhawing van akkreditasie vir die VCHO daarin geleë dat hierdie van die mees kardinale weë en middele is waarlangs en waarby die Christelike wetenskapsoortuiging gevoed en aan Christelike wetenskapsbeoefening gevolg gegee word – dit waarvoor die VCHO hom sedert sy stigting beywer.


Die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* is van die **weinige hedendaagse tydskrifte**, waarin dié saak wesenlik bevorder word. Die redaksionele kriterium vir bydraes tot die tydskrif, by wyse van artikels, is dat dit 'n bydrae tot Christelike wetenskap sal maak, of met die Christelike tradisie in gesprek sal tree.

'n Bekwame paneel van onafhanklike **evalueerders** van akademiese statuus regoor Suid-Afrika behartig die keuring van bydraes. Die evalueerders vergewis hulle daarvan dat aan die gestelde kriterium, die redaksionele vereistes en 'n hoë akademiese standaard voldoen word. Dit val telkens weer op met watter deeglikheid die evaluering gedoen word. Die evalueerders vervul dus 'n onmisbare funksie in die voortgesette verskyning van die tydskrif.

Vir die VCHO was dit uiters **verblydende nuus** toe in September 2003 in die *Staatskoerant*, 'n kennisgewing verskyn dat die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* as een van die geakkrediteerde tydskrifte in Suid-Afrika erken word. Daardeur word onsekerheid die afgelope twee jaar uit die weg geruim. Die geskeduleerde uitgawes vir 2002 en 2003 was nogtans nie geaffekteer nie en het gewoonweg verskyn.

Die tydskrif word onder meer na lande soos die VSA, Kanada, Australië, Nederland Duitsland en Japan versprei, en die redaksie is uit internasionaal-erkende akademici van onder meer die VSA en Nederland saamgestel. Vier Bloemfonteinse lede dien tans in die redaksie,

naamlik proff. DFM Strauss, AWG Raath, OA Henning en WJ Richards.

Die tydskrif verskyn minstens tweemaal per jaar, met 'n aantal **intekenaars** van reeds meer as 'n honderd. Intekenaars ontvang alle bykomende uitgawes, bo en behalwe die twee geskeduleerde uitgawes per jaar, sonder bykomende koste. Van tyd tot tyd verskyn spesiale uitgawes, waarby intekengeld inberekend is. 

## Boekmerk

Knip uit en gee aan onderwyser/eres as geskenk met die oog op die nuwe jaar.

**Gebed van 'n**

**Onderwyser/**

**eres**





# Die uitdaging van die Silwer Jare

- dr L Hoffman

Daar kom 'n tyd, sê die Prediker, dat die wagtters van die huis bewe, die malers ophou maal omdat hulle min geword het, die tyd wanneer die son donker word. Daar kom 'n tyd in 'n mens se lewe dat alles **nie meer so maklik** gaan soos vroeër, 'n tyd wanneer die kragte afneem en die dae stiller word. Maar in hierdie "Silwer Jare" van 'n mens se lewe het elke gelowige nog 'n verbonds-verantwoordelikheid.

Die talle **pensioenarisse** wat ingeteken is op die *Roeping en Riglyne* getuig van mense wat nog hierdie verantwoordelikheid besef.

Ons samelewing het 'n behoefte aan die **wysheid** wat kom met baie jare.

Ons gemeentes het 'n behoefte aan mense wat tyd het om te bid. Ons jongmense en kinders het 'n behoefte aan iemand wat **luister**. Die VCHO het mense nodig wat hulle invloed kan gaan uitoefen op ouers en kinders. Gelowiges in hulle Silwer Jare het 'n groot bydrae wat hulle kan maak tot die uitdra van die Here se Koninkryk.

Een van die belangrikste bydraes van mense in hul Silwer Jare is om te bid. Gebruik die sake waarvan u lees in die *Roeping en Riglyne* as onderwerpe vir u gesprek met die Here. 'n Ander bydrae wat bejaardes kan lewer, is deur beïnvloeding.

Maak u **gemeente/kerkraad** bewus van die werk van die VCHO en vra dat die VCHO uitgenooi word na die gemeente.

Deel u *Roeping en Riglyne* met ander gelowiges dat hulle ook bewus word van die belangrikheid van Christelike onderwys en -wetenskap. **Teken vir 'n familielid** in op die *Roeping*. Gebruik geleentheid met kinders en kleinkinders om hulle aandag te vestig op sake wat in *Roeping* genoem word. Bejaardes se lidmaatskap van die VCHO kan 'n **kosbare verryking** vir die hele familie- en vriendekring wees. 

## Gebed van 'n Onderwyser/eres

O Heer, u leen 'n paar van U kinders vir my vir hierdie jaar.

Gee my die genade om hulle met liefde en geduld te lei.

Gee my die vaardigheid om hulle oë oop te maak vir die wonder van U skepping.

Dankie vir die voorreg om iets in hierdie kinders se lewe in te bou wat hulle die res van hulle lewe sal saamdra.

Dankie dat U belowe dat ek al die krag sal ontvang vir hierdie roeping wat ek van U gekry het.

Amen



## Vooruitskouing - 2004

### Seminaar en Kongres

Inisiatiewe waarmee in 2002 en 2003 begin is, gaan DV in die nuwe jaar voort. Daar word beplan dat 'n geleentheid vir die Pretoria-tak in die 1ste helfte van 2004 sal plaasvind. 'n Seminaar sal aangebied word. 'n Tweede geleentheid is die VCHO se gereelde 18-maandelikse kongres in die 2de helfte. Die moontlikheid dat dit aan die Rand gehou word, word ondersoek. Meer besonderhede sal in 'n volgende uitgawe van ons tydskrif bekendgemaak word.

### Verbond

'n Reeks onderwerpe oor die verbond, wat later as 'n versamelwerk gebundel kan word, word beplan.

Die VCHO is bereid om op uitnodiging een of meer van die verwante verbonds-onderwerpe aan te bied in 'n gemeente of skool of tydens 'n saamtrek van een of meer gemeentes en/of skole.

### Publikasies

'n Artikelreeks met Christelike onderwys sedert 1652 as onderwerp, word beplan vir die *Roeping en Riglyne* in 2004.

Die vertaling van die Bybelonderrigleerplan in Engels word voltooi.

Die VCHO se gedenkpublikasie verskyn.

### Bemarkingstrategie

Volgens besluit sal 'n bemarkingstrategie in 2004 geïmplementeer word. 

# TYDSKRIF VIR CHRISTELIKE WETENSKAP

## Intekenvorm

Die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* is 'n geakkrediteerde tydskrif van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, en bied aan akademië die geleentheid om bydraes by wyse van artikels wat deur onafhanklike keurders ge-evalueer word, te publiseer. Sodanige artikels moet 'n prinsipiële begroning of standpuntinname bevat (wat nie noodwendig dié van die VCHO hoef te wees nie), en 'n bydrae tot die uitbouing van Christelike wetenskap lewer, of met die Christelik-wetenskaplike tradisie in gesprek tree. Die tydskrif dra internasionale status. Enigeen kan inteken.

### Intekengeld –

Suid-Afrika: R40-00 (minstens twee uitgawes) per jaar.

Biblioteke: R50-00 per jaar.

Elders: R50-00 (minstens twee uitgawes) per jaar.

Biblioteke: R52-00 per jaar.

Die Hoof Uitvoerende Beampte  
VCHO  
Posbus 1824  
BLOEMFONTEIN

Hiermee word ingeteken op die  
*Tydskrif vir Christelike Wetenskap*

Ingesluit die bedrag van R .....

**Naam** (Drukletters asb.)

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej.

Instelling .....

**Adres** .....

.....

.....

.....

**Handtekening**

**Datum**



## Ons lesers sê

"Aan julle almal daar, ook saam met my, bid asseblief dat die 'Christelikheid' nie weggeneem sal word nie. Sterkte aan julle almal." W.Hugo

"Laat ons altyd met krag bid. Seën vir julle." J van der Merwe

"Ek het ingeteken op hierdie diamant van 'n tydskrif wat uitstaan tussen al die sekulêre en humanistiese steenkool wat vir leesstof deesdae deurgaen. Vir iemand soos ek, wat die afgelope 14 jaar via die Pers, al die anti-Christelike strominge looi, is u blad koel water vir 'n dorstige keel." P. Roux

## FEES- & VAKANSIEDAE 2004

1 Januarie	-	Nuwejaarsdag
21 Maart	-	Openbare vakansiedag
9 April	-	-Goeie Vrydag
11 April	-	Paasfees
12 April	-	Gesinsdag
27 April	-	Openbare vakansiedag
1 Mei	-	Openbare vakansiedag
20 Mei	-	Hemelvaartdag
30 Mei	-	Pinksterfees
16 Junie	-	Openbare vakansiedag
9 Augustus	-	Openbare vakansiedag
24 September	-	Openbare vakansiedag
31 Oktober	-	Hervormingsfees
16 Desember	-	Gelofte dag
25 Desember	-	Kersdag
26 Desember	-	Welwillendheidsdag

Met dank oorgeneem uit *Die Boodskapper* - Red

## Vervolg van bl. 10

beeld menseregte, nasionale eenheid, nasionalisme, demokrasie, globalisme en sosiaal-demokratiese kapitalisme.

Hoewel dit nodig is dat alle Suid-Afrikaners kennis moet neem van die waardes in die publieke morele

Wat staan ons te doen vanuit reformatoriese standpunt?

Pogings om die 'amptelike' lewensvisie af te dwing behoort deur reformatoriese denkende mense weerstaan te word.

kode, en dit wat goed is daarin moet nastreef, moet pogings om so 'n oor-koepelende of meta-godsdiens / -lewensvisie / -waardesisteem op die mense van die land af te dwing weerstaan word. Die openbare lewens-

visie / publieke morele kode behoort nie onkrities aanvaar te word as 'die waarheid' of as die beste riglyn vir ons lewens nie, ook nie vir ons nasionale lewe as Suid-Afrikaners nie.

Die uitwerking van die 'amptelike' lewensvisie in die nasionale lewe.

Die 'amptelike' lewensvisie verdring ander omdat dit die produk is van diegene wat oor mag en gesag beskik.


In beginsel behoort alle lewensvisies 'n staanplek in die openbaar te kry, ook in die klaskamers in openbare skole. Die afdwinging van 'n totaliserende, oor-koepelende lewensvisie of

waardestelsel (godsdiens) moet verwerp word omdat dit geweld pleeg teenoor ander lewensvisies, en ook teenoor die burgers van die land. Omdat alle lewensvisies, ook die amptelike een, partikulier is, sosiale konstruksies is, die produkte van mense en hulle gemeenskappe is, behoort almal van hulle 'n plek in die openbare lewe van ons land te hê en behoort ons krities ingestel te wees teenoor enige waardesisteem waarmee ons te doen kry. Reformatories gesinde Christene behoort nie sienderoë toe te laat dat hulle eie reformatoriese lewensvisie na die

agtergrond van die openbare lewe, na die binnekant van ons kerke en ons woonhuise, verdring word nie. Dit moet ook in die openbare lewe, in die wyse waarop ons regeer (wil) word, in die wyse waarop die onderwys in ons skole – ook die openbare skole – plaasvind, sigbaar wees.

Om ons reformatoriese lewensvisie só kragtig na die oppervlak van die openbare lewe te kan bring vereis egter dat ons eersal verstaan en besef dat die amptelike lewensvisie, die publieke morele kode van ons landsregeerders en ons onderwysowerhede nie so neutraal, inhoud-

Die bring van die eie reformatoriese lewensvisie na die oppervlak vereis dat 'n mens eers insien hoedat die 'amptelike' lewensvisie werk en hoedat dit die eie kan verdring.

en konteksloos is as wat dit op die eerste oogopslag lyk nie. Ons moet ook raaksien dat daar 'n wesentlike gevaar is dat dit ons reformatoriese lewensvisie van die openbare verhoog af kan verdring. 

## Vervolg van bl. 6

korupsie en dergelike verskynsels. Het hierdie humane 'oplossings' tot dusver daarin geslaag om dié verskynsels effektief te bekamp?

Dit wil voorkom of die samelewing na sodanige pogings nog net so uitgelewer is soos voorheen, onderwyl ván die verskynsels in 'n ergerwordende graad terugkeer. Die problematiek moet dan sekerlik baie dieper wentel as dit wat maar net op die fisieke vlak bespeur en gerapporteer word. Laasgenoemde is slegs maar die uiterlike manifestasie van 'n probleem wat 'n aantoonbare oorsaak behoort te hê. Daardie oorsaak moet nie sondermeer uitsluitlik in sisteme of strukture gesoek word nie, soos wat dit alte maklik in ons dag gedoen word.

Ons het hier met die omverwerping van die beginsels vir 'n Christelike-etiese lewenshouding te doen. Dit handel dus oor 'n etiese vraagstuk of dilemma in ons samelewing waarvoor antwoorde gevind moet word. Die sake wat hieronder tuisgebring kan word, behels baie meer as dit waarna vroeër verwys is. Ons en ons kinders is nie van die uitwerking daarvan gevrywaar nie, selfs nie eers in ons huise en in die skole nie. Maar dit is nie ál waarom dit gaan nie. Dit gaan in die eerste plek om die herstel van 'n samelewing. Die etiek daarvan moet sodanig hervorm word dat die verering van God weer daarin waargeneem kan word. Die herstel – so blyk dit nou – sal nie deur kampanjes bewerkstellig kan word nie; slegs deur 'n innerlike vernuwung van lewens. 'n Christelike-etiese lewenshouding moet verwerklik word.

Die vraag is nou: hoe word dit gedoen? Is daar 'n blywende oplossing vir die etiek-problematiek? Die hoofbestuur het, tydens sy Oktober-vergadering, uitvoerige aandag hieraan gewy. Die resultaat is dat, tydens die VCHO se kongres einde Augustus 2004, daar op ván die etiese kwessies gefokus sal word, met die bedoeling om die Bybelse lig daarop te laat val, sodat die uitsig op 'n Christelike samelewing in Suid-Afrika al hoe helderder mag word.

**Ons lede word nou reeds uitgenooi om ván hierdie sake (etiese kwessies), waaraan u dink bespreking gewy behoort te word, aan die kantoor deur te gee. Op hierdie wyse kan daar met 'n groter mate van voorbereiding aan die kongres gevolg gegee word.**

## SKOOLKALENDER

2004

Oos-Kaap, KwaZulu-Natal,

Noord-Kaap en Wes-Kaap

20 Januarie - 31 Maart

14 April - 30 Junie

21 Julie-23 September

4 Oktober-3 Desember

Vrystaat, Gauteng, Limpopo,

Mphumalanga en Noord-Wes

31 Januarie-26 Maart

14 April-25 Junie

19 Julie-22 September

4 Oktober-3 Desember





Tannie Aletta

# DIE JONGSPAN

Dagsê maats,

Maats, die jaar is verby! Al die eksamens is verby – 'n heerlike vakansie lê voor en daarby kom Kersfees nader.

Die Kersfeeslig het reeds in die Ou Testament gelowige harte verlig soos dit geteken word in Hebr. 11. Ver in die deinsigerige toekoms kon die blinkende Môrester van Opb. 22 gesien word. Dis Kersfees, 'n Christusfees waar Jesus in gelowige harte woning maak en heers.

In Luk. 19 lees ons van Saggeus vir wie Jesus sê: "Saggeus, kom gou af, want ek moet vandag in jou huis tuis gaan", nie wil nie, maar **MOET**. Vir hom het dit 'n groot en wonderlike Kersfeesdag geword, vol van lig en engele en klokgebeier in sy hart.

Saggeus het 'n Kersfees beleef wat nie gebonde was aan Desember of die 25 ste nie. Dit was inderdaad 'n lewende Kersfees in Saggeus se huis, **want Jesus was self daar.**

**MAG HIERDIE KERSFEES OOK VIR JOU 'N LEWENDE KERSFEES WEES, VOL VAN LIG EN ENGELE EN KLOKGEBEIER IN JOU HART, WANT:**

**KERSFEES GETUIG VAN DIE HELDER LIG WAT IN JESUS CHRISTUS SKYN OP DIE AARDE EN IN ONS HARTE!**

'n "**Stressakkie**"

Maak hierdie vakansie 'n **Stressakkie**. Vir hierdie sakkie benodig jy:

Die sakkie – wat jy self maak van 'n stukkie afval materiaal:



1. Vou die lappie op die stippellyn.
2. Stik soos aangedui met stippellyn.
3. Druk gaatjies soos aangedui.
4. Ryg 'n touthjie deur, en siedaar – klaar is die sakkie.

Maak nou 'n boekie en gooi elke item in die sakkie.

## BOTTELTJIE

Om my te herinner dat God al my trane opgevang het - Hy weet alles omtrent my.

[Ps 56:9 My ellende het nie ongemerk by U verby gegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.]

## KROON

Om my te herinner om te volhard tot die einde om my kroon te ontvang.

[1 Pet. 5:4 En dan, wanneer die Opperherder kom, sal julle die heerlijkheid as onverganklike kroon ontvang.]

## WONDERGOM

Om my te herinner dat 'n gebroke hart met God se helende liefde herstel kan word.

[Ps 147:3 Hy genees die gebroekenes van hart en verbind hulle wonde.]

## KLIPPIE

Wat my herinner:

**GOD IS MY ROTS!**

[Ps 18:3 Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk 'verlosser, my veilige vesting. ]

## SPYKER

Wat my daaraan herinner dat Jesus ook erg aan stres moes ly.

[Joh 20:25.. .as ek nie die merke van die spykers in sy hande sien;

Luk 19:41 Toe Hy nog nader kom en die stad voor Hom sien, het Hy daaroor gehuil.]

## DUIMSPYKER

Om my te herinner om nie op my probleme te sit en broei nie.

[Luk 12:22 .. Jesus sê vir sy dissipels...: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie.]

## SOUT

Om my te herinner – ek is die sout van die aarde. My woorde moet altyd aangenaam wees – met sout besprinkel.

[Mat 5:13 Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks werd nie. Dit word buitekant weggegooi en die mense vertrap dit.]

## SPONS

Om my te herinner om die Woord gereeld in te neem – soos 'n spons water opsuig.

[Heb 4:12 Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.]

## KERSIE

Om my te help onthou om my "lig" helder te laat skyn.

[Mat 5:16 Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik.]

## UITVEËR

Om te onthou dat Jesus jou verlede (sondes) uitgewis het.

[Jes 1:18 Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.]

## SNEESDOEKIE

Om my te herinner om iemand anders se trane met behulp van 'n woord, 'n briefie, 'n drukkie af te droog.

[2 Kor 1:4 In elk moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig ]

## PRENTJIE

Om my te herinner om gereeld te lag.

[Spr 15:15 Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees.]

## POTLOOD


Om te gebruik om jou seeninge neer te skryf en te tel.

Hierdie boekie bêre jy nou ook in die sakkie – elke keer wanneer jy bedruk voel, gooi dan hierdie sakkie uit, lees die bewoording van elke item en lees daar! Jy lag weer!

## SLEUTELWOORDE IN DIE SKRIF.

### HOOP:

Rom. 12:12. Verbly julle in die hoop;... volhard in gebed.

Hoop is die bewys van die onsterflike vlam van die Heilige Gees in ons wat na lewe hunker. Hoop is die bewys van die Christus in ons wat ons opwek en aanspoor om in geloof en liefde te groei. 

# WIE IS ONS ANDER LEDE?


Die Vereniging het reeds by 'n vorige geleentheid 'n versoek tot sy lede gerig om ontbrekende inligting aan ons deur te gee. Etlike vormpies het intussen by die kantoor aangekom. *Baie dankie vir elke lid wat reageer het!*

Reeds in hierdie Roeping het ons die inligting wat ingesamel is, in ag geneem. Daarom is daar onder andere 'n artikel met die

oog op die talle pensioenarisse wat gereelde lesers van die blad is.

Die Vereniging sou egter nog 'n hele paar lede se inligting wou bekom om 'n betroubare beeld van die profiel van die ledetal saam te stel. Die van u wat 'n vorige keer nie daarby uitgekome het nie – wees as u blief so vriendelik en voltooi die onderstaande vormpie. Indien u in-

ligting by ons op rekord is, kan ons baie meer spesifiek met u kommunikeer. Sake wat byvoorbeeld veral op onderwysberoepe of op pensioenarisse gerig is, kan dan spesifiek met daardie lede gedeel word. Hierdie inligting sal ook behulpsaam wees indien werkswinkels vir spesifieke groepe mense gereël wil word.

Ons sien daarna uit om van u te hoor! 

LIDNOMMER: .....  
NAAM:.....  
GEBORTE DATUM (jj/mm/dd): ...../...../.....  
GESLAG: Vroulik: ..... Manlik: .....  
BEROEP:  
Predikant:   
Onderwys:   
Sakeman/vrou:   
Skolier/Student:   
Pensioenaris:   
Ander:   
Spesifiseer "Ander".....  
Ek verkies om *Roeping en Riglyne* soos volg te ontvang:  
Per pos:  Elektronies:   
Ek verkies my vrywillige bydrae soos volg te doen:  
Per pos:  Elektronies (Debietorder)  Kontakno vir bankbesonderhede.....  
**BAIE DANKIE VIR U HULP. DIT WORD HOOG OP PRYS GESTEL!**

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

**ROEPING  
EN  
RIGLYNE**

REDAKTEUR: Ds C Bester  
REDAKSIEKOMITEE: Prof O A Henning (Voorsitter Publikasiekomitee), Prof A W G Raath, Prof D F M Strauss



**Die Hoof Uitvoerende Beampte**  
**Posbus 1824**  
**Barnesstraat 41**  
**Bloemfontein 9300**

**Tel. (051) 448 9160 of**  
**(051) 448 4464**  
**Faks (051) 448 4669**  
**E-pos: [vcho@mjvn.co.za](mailto:vcho@mjvn.co.za)**  
**Tuisblad:**  
**<http://www.vcho.co.za>**

**HOOFBESTUUR**

Prof A W G Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom), Prof P H Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds G van Heerden (De Deur), Prof R Marè (Pretoria), Dr I H Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Sannieshof), Dr H G Stoker (Pretoria), Prof. E.J. van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer (Brakpan), Ds F J van der Merwe (Koster), Dr J A E Adendorff (Germiston).

Hoof Uitvoerende Beampte:  
Uitvoerende Beampte: Mnr. H.J. Hayes